NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings, kontak* ***Franscois Genis****, 071 777 9302, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** *Besprekingsnavrae:* ***Camps 4 Groups,*** *camps4groups@gmail.com, alle ure… Whatsapp: 074 650 4754. Kantoor: 067 083 4492. Facebook byhttps://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

25 Januarie 2019
Nr 03/2019

Warm nuus

Dringende oproep!

Dewyk Ungerer, moderator, skryf soos volg: Die moderatuur het hierdie week oor 2019 besin en is daarvan oortuig dat die algemene verkiesing in Mei ons volgehoue voorbidding vra. Verder is die moderatuur van mening dat dit belangrik is dat alle stemgeregtigdes wel sal stem en daarom ook moeite sal doen om eerskomende naweek (*26-27Januarie*) te registreer.

Sinodenuus

Bybellees met 'n verskil

Die **volgende byeenkomste** vind om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas:
- ***29 Januarie:*** Skriflesing: Jeremia 1

Navrae: Fanie Cronje (083 415 1452) en Kobus Myburgh (083 227 7185)



Huis HJ Piek Groenkloof

Bekostigbare verblyf (geen siekeboeg).
Enkel en dubbelkamers beskikbaar vanaf R4795.00
Pryse sluit in: 3 etes per dag, wasgoed en skoonmaakdiens 1 x per week en water en ligte.
Skakel Marlize van Antwerp by 012 460 6231/2

Kolleganuus

Afskeid

Fay van Eeden se afskeid vind eerskomende Sondag by Lynnwood plaas.

❖ **Verjaarsdagwense** *Hartlik geluk aan die volgende persone wat in die volgende tyd verjaar:*

27/01 Lizette van Rooyen [Magalieskruin, 084 690 1971, lizvanrooyen@gmail.com]
29/01 Paul du Plessis [Riviera-Jakaranda, 083 446 9426, pauldupl@gmail.com]
01/02 Frikkie Delport [Pietersburg-Noord, 079 891 6211, frikkiedel@gmail.com]
Ewald Schmidt [Nylstroom-Oos, 082 579 6648, ewald@ngoos.co.za]

****

27/01 Nerene Grobler [Universiteitsoord, 012-460 4137, paul@noordsin.co.za]
30/01 Hannatjie J van Vuuren [Sesmylspruit, 012-654 6282, christovvu@gmail.com]

Gemeentenuus

❖ **Verjaarsdae:** *Baie geluk!*
Jan Niemandpark [Gestig: 28/01/1980]

❖ **Raslouw**: **Vakature** – **Medeleraar gefokus op jeugbediening**
Sluitingsdatum vir aansoeke: *31 Januarie 2019* [**Kliek hier** vir die volledige inligting...]

Ander nuus

❖ **Argief:** **Doop- en Lidmaatregisters**
Na aanleiding van 'n gerug wat die rondte doen, **bevestig** *Susan Marais* dat gemeentes wel nog jaarliks hardekopieë van hul doop- en lidmaatregisters na die Argief toe moet stuur.
Navrae kan aan haar gerig word by die Argief (Stellenbosch) 021-882 9923 of per epos susan@kaapkerk.co.za.

❖ **Brande in Bettysbaai/Overberg-omgewing**

Tjaart Meyer [Pietersburg-Oos] skryf soos volg: "Ons is almal bewus van die grootskaalse brandverwoesting in Bettysbaai en die Overberg gebied. Ek het toe die inisiatief geneem om met NG Kleinmond te skakel.
Bydraes van enige aard sal help.
Wil julle nie miskien die gemeentes in julle Ring aanmoedig om 'n spesiale deurkollekte af te staan nie? Stuur asb. hierdie epos ook uit aan mense wat jy dink sou kon help.
Hieronder is die Bankbesonderhede van NG Kleinmond.
Inbetalings moet asseblief aangedui word as *Overberg/Bettysbaai Brande*.
ABSA
NG Kerk Kleinmond
322 015 0320
Die "Takkode" is die Internetkode: 632005"

❖ **Excelsus**

Eendag-werkswinkel: Sweef soos 'n arend: *Inleiding tot spirituele wysheid/intelligensie* **[Lees hier verder…]**
Aangebied deur ***Dr Henry Eagleton***
Datum: ***12 Februarie 2019*** - 9:00-16:00
RSVP: Voor of op Donderdag *7 Februarie*

Sertifikaatkursus in Bedieningsvernuwing 2019
Dit is 'n intensiewe kursus wat bedoel om predikante te help om op 'n dieper en meer grondige vlak geheroriënteer te word ten opsigte van hulle bediening. **Lees hier verder**…]

'n Toer na Israel – vir almal! [Lees hier verder…]
Datum: *21-29 November 2019*
Kom toer hierdie jaar November saam na Israel en bekom `n jaar se **VBO punte** (30 punte vir die toer en `n verder 20 punte as jy die toer se studiestuk voltooi).

Die **deposito en registrasie** vir die toer moet voor *31 Maart 2019* inbetaal en voltooi word, die res van die kostes kan 8-6 weke voor die toer inbetaal word.

❖ Preek laboratorium

Skop in Februarie af ... nou met 48 VBO punte

Die preeklab word in 2019 by Coram Deo Gemeentesentrum in Vereeniging aangebied en loop oor 6 dae (***13-14 Februarie, 10-11 April en 12-13 Junie***). Die koste daaraan verbonde beloop R1500.00 per persoon. **Meer inligting oor die preeklab** is beskikbaar op Coram Deo NG Gemeente se webblad by http://www.coramdeong.com.

❖ Traumatiese Insident Reduksie (TIR) Werkswinkel

Datums: Pretoria *18-21 Februarie 2019* & De Doorns *08-11 April 2019*
Koste: R5000. (Afslag vir groepe en vroeë betaling)
Klik hier vir registrasie of gaan na https://traumahelper.weebly.com/tir-werkswinkels.html
CPD en VBO punte is van toepassing. 20 CPD punte vir Maatskaplike Werkers en 30 VBO punte vir NG Predikante.
'n Tweetalige handleiding word verskaf en verversings en 'n ligte middagete daagliks is ingesluit.

❖ Nuwe boek oor Jeugbediening van prof Malan Nel

Youth ministry: an inclusive missional approach is prof Malan Nel se volledig bygewerkte nuwe weergawe van sy navorsing oor jeugbediening. [**Kliek hier**]

❖ Jeuggroep fasiliteerder opleiding - 'n Werkswinkel vir almal wat met jongmense werk.

Aangebied deur die Bronze Baobab Groep.
Datum: Saterdag, ***16 Februarie 2019*** (09:00-15:00)
Kliek hier om in te skryf!
Volledige inligting: **Kliek hier**

❖ Nuusbriewe

Bybel-Media-nuus

Lees in dié week se nuusbrief oor die *Kerkbode van 25 Januarie* - die eerste uitgawe onder die redakteurskap van Le Roux Schoeman; Nuutste Bybelkor-publikasies en die 2019 Jaarboek. [Kliek hier]

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za, klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

****

CLF-nuus

Die Padkos reeks, deur *dr Attie Beetge*, is nou beskikbaar as 'n bieliepak en teen 'n spesiale pryse. Ander boeke uit sy pen word ook teen 'n goeie afslag aangebied.
Om te bestel, stuur 'n e-pos aan order@clf.co.za of koop dit aanlyn https://clf.co.za/product/padkos-reeks-bieliepak/

Inligting, Navrae en Diensverskaffing

Kontak hulle by 021 864 3707 of besoek hulle webtuiste by www.clf.co.za

❖ Oornagfasiliteit : Ruim woonstel

Adres: Trumperstraat 769, Waverley naby N1 snelweg
Die woonstel is gemeubileer met stort- en kombuisgeriewe asook plek vir tot 4 persone.
Kostes : R100 per persoon per nag
Kontak : Bertus (0822246242) Freda (0836539712), 012-3323069

Gebedslys

*Hiermee **'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers** om enige **sake vir voorbidding** aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- Onrus in Zimbabwe as gevolg van ekonomiese en ander uitdagings.
- Registrasie van kiesers (26 & 27 Januarie)
- Eerstejaars wat in hierdie tyd by universiteite en ander tersiere inrigtings aanmeld.

Proponente en ander vakatures

❖ **Raslouw**: **Vakature** – **Sien inligting onder "*Gemeentenuus*".**

❖ **UP Fakulteit Teologie**:

★ **Gelegitimeerde proponente 2016**
Eddie Brown [082 305 3972, malmaneddie@gmail.com]
Berenice Esterhuyzen [072 794 5928, aesterhuyzen@clinix.co.za]

★ **Gelegitimeerde proponente 2017**
Jeanri Bezuidenhout [074 893 2836, jeanri.bez@gmail.com]

★ **Gelegitimeerde proponent 2018**
Stian Bloem [083 443 5993, stianab@gmail.com]
Freddie de Lange [freddiedelange@yahoo.com]
Marthiens Heymans [heymarthiens@gmail.com]
Chris Jacobs [076 793 0233, chrisfjacobs@gmail.com]
Nienke Kemm [079 515 4156, Nienke.kemm@gmail.com]
Marco Koch [073 428 2709, marco2koch@gmail.com]
Erick Mulder [076 253 5825, mulder.erick@gmail.com]
Charlotte Sibanyoni [081 522 7714, charlottesibanyoni@gmail.com]
Hendrik Smal [076 143 9559, smalhendrik@gmail.com]
Natalie-Ann van Deventer [076 187 7249, natsvd8@gmail.com]

❖ **Ander gelegitimeerdes wat beskikbaar is om eredienste te lei**
Gerhard Bothma [082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]
Jan Cloete [083 232 8708, jancloete26@telkomsa.net]
Bertus Olivier [082 224 6242, oli4@axxess.co.za]
Ockie Raubenheimer [076 155 0929, raubenheimer.ockie@gmail.com - Ook beskikbaar vir aflos gemeentebediening]
André Smuts [072 148 6718, sasmuts@gmail.com]

Ten slotte

Oëverblindery?? Kat of kraai…



BYLAES

Excelsus kursusse

Alle navrae kan gerig word aan Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za of 012-420 6738.

Eendag-werkswinkel: Sweef soos 'n arend: *Inleiding tot spirituele wysheid/intelligensie*

Alle belangstellendes word hartlik uitgenooi om die volgende eendag-werkswinkel aangebied deur ***Dr Henry Eagleton*** in samewerking met Excelsus by te woon:

Datum: ***12 Februarie 2019*** - 9:00-16:00
Waar: NG Stellastraat (Suidoos-Pretoria), h/v Olivier en Stellastraat, Waterkloof
Koste: R 780-00 per persoon (Kursusmateriaal, etes en koffie/tee ingesluit)
VBO: 6 punte
Inskrywingsvorm: **Kliek hier** - Ontvangs van inskrywings geskied per **e-pos**. Kontak Rika van Rensburg vir navrae by 012 420 6738 (08:00 – 13:00)
RSVP: Voor of op Donderdag *7 Februarie*

Terug

'n Toer na Israel – vir almal!

Datum: *21-29 November 2019*

Kom toer hierdie jaar November saam na Israel en bekom `n jaar se VBO punte (30 punte vir die toer en `n verder 20 punte as jy die toer se studiestuk voltooi).

Hierdie studietoer na Israel is onder leiding van *dr Lodewyk Sutton* en *prof Fanie Snyman* wat die Ou Testament agtergrond en konteks sal dek, asook *prof Francois Tolmie* wat op die Nuwe Testament agtergrond en konteks sal fokus.
Kom en beleef Joppe, Caesarea, Karmel berg, Nasaret, Galilea, Beth Shean, Jerigo, Betlehem, Jerusalem, Masada, Ein Gedi en kom swem in die Dooie see. Kom loop saam in die spore van onder andere Elia, Dawid, Petrus, Paulus, Pontius Pilatus, Filippus, Cornelius en beleef iets van Jesus se jonger (Betlehem, Nasaret), volwasse (Kapernaum) en laaste dae (op die Via Dolorosa) op aarde.
Die **deposito en registrasie** vir die toer moet voor *31 Maart 2019* inbetaal en voltooi word, die res van die kostes kan 8-6 weke voor die toer inbetaal word.
Kontak Lodewyk Sutton vir meer inligting by suttonl@ufs.ac.za

Terug

Werkswinkel: Sweef soos 'n arend: Inleiding tot Spirituele wysheid/intelligensie (Dr Henry Eagleton)

Stuur hierdie vorm saam met bewys van betaling aan Rika van Rensburg, e-pos: excelsus@up.ac.za

Naam en van			
Selfoonnommer			
E-pos			
Huidige gemeente		**Sinode**	

Kursusgangers is self verantwoordelik vir akkommodasie

Spesiale dieet	**Vegetariër**		**Diabeet**		**Ander**	

Registrasie	Fooi	**R780 (Kursusmateriaal, etes en koffie/tee ingesluit)**

	Kursus	**Werkswinkel: Sweef soos 'n arend: Inleiding tot Spirituele wysheid/intelligensie**
	Kursusdatum	**12 Februarie 2019 (09:00 – 16:00)**
	Plek van aanbieding	**NG Kerk Suidoos-Pretoria, (Stellastraat)** **H/v Olivier en Stellastraat, Waterkloof**
	Sluitingsdatum	**7 Februarie 2019**
Instruksies	Vorm	**Stuur bewys van betaling aan** excelsus@up.ac.za
	Verwysing	VBO gevolg deur u voorletters en van
	Bevestiging	Ontvangs van inskrywings geskied per **e-pos**. Kontak Rika van Rensburg vir navrae by 012 420 6738 (08:00 – 13:00)

Bankbesonderhede vir elektroniese betalings:
Bank: ABSA
Naam van rekening: TSO
Rekeningnommer: 142 0830 463
Takkode: 632005
Tak: PRETORIA

Terug

Ned Geref Gemeente Raslouw

In biddende afhanklikheid van die Here maak die kerkraad van die gemeente Raslouw bekend dat ons van voorneme is om 'n leraar te beroep met die oog op die bediening aan ons jeug lidmate.

Vakature: Medeleraar gefokus op jeugbediening

Raslouw NG Gemeente is geleë op die grens van Wierdapark en Raslouw in Centurion. Ons het ongeveer 2 400 lidmate met 'n gemiddelde ouderdom van so 49 jaar waarvan ongeveer 600 lidmate jonger as 25 is. Ons is 'n baie aktiewe gemeente met 'n hegte span kollegas.

Ons is op soek na:

- 'n Gelegitimeerde met bedieningsondervinding veral gerig op die jeug (tot en met 5 jaar ervaring)
- Iemand wat deur sy/haar lewende verhouding met die Here Jesus Christus oortuig is van die roeping deur die Heilige Gees met die fokus op Jeugbediening
- 'n Dinamiese persoon met sterk leierseienskappe en 'n besliste doelgerigtheid wat op alle vlakke goed kan kommunikeer
- Iemand wat oor sterk organisatoriese vermoëns beskik
- Iemand wat leiding kan neem met die musiekbediening sal 'n pluspunt wees

Die pligte van die pos sluit in:

- Uitvoering van die pligte soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde veral gerig op die jeug
- Strategiese beplanning, koördinering en uitvoering met betrekking tot die totale jeugbediening in samewerking met die leraarspan en Kerkraad
- Die bou van vertrouensverhoudings met ons jeug
- Pastorale versorging en huisbesoek soos nodig
- Skakeling met ander gemeentes en omliggende skole asook die sinode rakende jeug aktiwiteite
- Weeklikse vergadering met mede-kollegas op Bestuurskommissie

- Mede-verantwoordelik vir die administrasie van die Kategese Skool
- Koördinering en aanbied van weeklikse eredienste gerig op die jeug ander jeuggerigte geleenthede in oorleg met Bestuurskommissie
- Jeugprojekte, uitreike en gemeenskapsprojekte
- Fasilitering van kampe

Vergoeding

★ Die totale koste van indiensneming vir die pos beloop R 400 000-00 (sluit salaris, reistoelae, medies, pensioen, behuising ens in)

Aansoeke
Belangstellendes kan hulle CV met 'n kort motivering vir die aansoek, stuur aan:

Die Voorsitter: Bestuurskomitee
Ned Geref. Gemeente Raslouw
Posbus 51470
Wierdapark
0149

(CV kan ook elektronies na raslouw3@mweb.co.za gestuur word)

Navrae:
Rig enige navrae aan die Voorsitter Bestuurskomitee: Ds Dewyk Ungerer (epos: dewyku@iafrica.com en sel no.: 082 572 6463)
Sluitingsdatum:
31 Januarie 2019
Diensaanvaarding:
1 Maart 2019 of so spoedig daarna.
Proviso
Die Kerkraad behou hom die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie

Terug

Nuwe boek oor Jeugbediening
Prof Malan Nel

Youth ministry: an inclusive missional approach is prof Malan Nel se volledig bygewerkte nuwe weergawe van sy navorsing oor jeugbediening. Prof Nel se belangstelling in jeugbediening het beslag gekry in sy proefskrif (1982), wat weer aanleiding gegee het tot 'n eerste, bygewerkte verwerking hiervan in sy boek uit 1998 oor jeugbediening. Nou gaan die gesprek voort.



"This book's target group is fellow academics on the national and international platform. It aims at contributing to the scientific and academic discourse as regards to the 'what' and 'why' of youth ministry. In the past, too often youth ministry has been approached from a mainly practical point of view, almost asking how we keep young people off the streets. Its methodology has often not included the theological and theoretical presuppositions that lie behind this ministry. Previous scientific reflection has been determined by a one-dimensional and almost exclusive point of view. In comparison with existing literature, this book, however, does not focus so much on the 'how' of youth ministry. It innovates a different approach. The book challenges the existing exclusive approach and develops an inclusive, congregational and missional understanding of and approach to youth ministry. The author finds himself agreeing even more today than when he first developed his understanding of youth ministry in his dissertation (published 1982) and in the first Afrikaans edition of this book in 1998, that there is no room for the so-called 'future church heresy' (Sara Little 1968). *Read further."*

Terug